Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Familie-waardes

## Hoop

Hoop is om positief oor die toekoms te wees. ‘n Belangrike faset van positiewe identiteit is ‘n positiewe toekomsverwagting. Wanneer volwassenes gedurig net negatiewe gesprekke oor ons land voer en net negatiewe dinge soos geweld, korrupsie en agteruitgang beklemtoon, maak hulle dit vir jongmense moeilik om vir hulleself ‘n positiewe toekoms hier te sien. Navorsing het getoon dat wanneer mense nie meer glo en hoop dat die toekoms positief sal wees nie, hulle eenvoudig siek word en soms self sterf. Hoop is die suurstof wat ons aan die gang hou, want daarsonder het die lewe geen sin nie.

Om positief te dink en te leef is ‘n keuse. Jy kan kies of jy ‘n optimis of ‘n pessimis wil wees, met ander woorde of jy net die beste of net die slegste verwag. Jy kan kies of jy met ‘n lang gesig deur die lewe wil gaan en of jy gaan terugspring na terugslae. Net so is dankbaarheid, ‘n goeie humorsin, entoesiasme en geloof ‘n keuse. Viktor Frankl sê: “Alles kan van jou weggeneem word behalwe een ding, die laaste van menslike vryhede, die vryheid om jou houding te kies, wat ook al die omstandighede is.” Elke mens het ‘n keuse hoe hy of sy die lewe en die toekoms wil benader.

***Lees die tekste stadig deur.***
***Lees dit hardop indien moontlik.***

***Hoe pas hierdie by jou lewe in?***

***Wat kan julle as gesin uit hierdie les neem?***

***Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?***

***Waarom beleef jy daardie emosies?***

**Lees Jeremia 29:11-13. Lees ook Josua 1, 3 en 4. Josua was al oud toe hulle die beloofde land ingegaan het en daar was sterk stede wat oorwin moes word, maar hy het ‘n positiewe toekomsverwagting gehad. Hy het reeds in die middel van die Jordaanrivier ‘n altaar opgerig (Jeremia 4:9)**

**Ons geloof is Jesus en Sy opstanding uit die dood bring mee dat ons by uitstrek die mense behoort te wees met die mees positiewe toekomsverwagting.**